

## Grootouers-kleinouers

*Was my grootouers klein? - mense met 'n groot hart*

**deur Sam J Basch**

Hoewel ek nooit my twee oupas geken het, moet ek aanvaar hulle was kort van statur, kleinerige mans, te oordeel aan foto's in die familiealbum. Wat ek van my twee oumas onthou, is dat hulle groot vroue was – of dalk was dit maar die perspektief van 'n kind.

Oupa Sampie (Samuel Jacobus) na wie ek heet, is in 1934 op die plaas Vanwyksvlei naby Carolina in die ou Oos-Transvaal oorlede, waar hy ook begrawe is. Dit was Depressiejare en die familie se geldsake uiters beroerd. Daar is geen kopstuk op sy graf nie; slegs 'n sementblad sonder naam of datum.

Hy is in 1868 gebore, die jongste van vier kinders uit die eerste huwelik van die Basch-stamvader uit Pruise, Alexander Oskar Adolf Bertoldt, met Martha Christina Elizabeth Geertruida Smit (1837-1870). Sy is vroeg oorlede, toe Sampie slegs 18 maande oud was.

Dit wil voorkom of hy ongelukkige kinderjare in die huishouding van sy stiefma op Welgelegen naby Carolina beleef het: hy sou op 'n jong ouderdom padgee na die kortstondige Stellaland-republiek om hom later in die Lichtenburg-distrik te vestig.

Sou dit die rede wees waarom ons familie nooit enige kontak met die tak van die tweede Basch-huwelik gehad het nie?

'n Staaltjie word vertel dat Sampie onder 'n wanindruk by die Jameson-inval betrokke geraak het, maar toe hy eers beseft wat aangaan, het hy ongesiens weggeglip om die ZAR-magte te waarsku. Daarvoor het President Paul Kruger hom 'n plaas aangebied – wat hy geweier het. Ons kinders het kwaai gestry oor wie die grond sou erf.

As burger in die Lichtenburg-kommando is hy by Magersfontein gewond. Die 'Lint voor Wonden' en die Anglo-Boereoorlog-medalje wat die Unie-verdedigingsmag eers in 1923 aan hom toegeken het, is in my besit. In latere veldslae soos by Bergendal was hy deel van die Carolina-kommando.



Uit sy huwelik in 1904 met Alida Wilhelmina van Wyk (geb. 1885), dogter van Arie Willem van Wyk en Carolina Wilhelmina Bester, is agt kinders gebore, waarvan sewe volwasse geword het. My Pa Sam was die sesde kind en die derde seun.

*Sampie en Alie Basch met die eerste vier van hul agt kinders.*

Van Ouma Basch soos ons haar genoem het, onthou ek sagte blou oë in 'n ronderige gesig, fyn grys hare, groot hande en 'n swaar lyf wat op 'n kiere moes leun. My jonger broer Oscar wat toe 'n kleuter was, het begin stap nes Ouma: 'n strompelende kreupelgang.

Sy het lange jare by ons aan huis in Springs gewoon. Vanwyksvlei is reeds in 1935 op veiling verkoop, waarna haar jong gesin in moeilike omstandighede op die Oos-Randse myndorp sou vestig. In ons huishouding het sy, reeds bejaard, help klere verstel en ons kinders met Mint Imperials of suurklontjie-lekkers bederf.

Waar sy merendeels in stilte sit en lees het, moes sy soms die ou gehoorapparaat uit haar boklere uitvrotel om dit harder te stel wanneer sy ons nie kon hoor praat nie.

Wat sy ten diepste waardeer het, was die enkele kort besoeke van Koos Davel en sy vrou Lenie, 'n gesiene en welvarende boer van Calvinia. As Ouma se susterskind was hy sewe jaar oud in die Britse konsentrasiekamp op Belfast waar sy, toe slegs 16 jaar oud, hom deur die gruwels van daardie tyd gehelp het. Sy ma is vóór die oorlog dood. "Nefie" Davel sou altyd sy briewe begin met "My Liewe Tante Alie".



Ouma Basch (Alie) kort vóór haar dood

Ouma Alie is in Mei 1961, enkele dae vóór Republiekwording toe ek met Standaard 1 op skool besig was, op 76-jarige ouderdom in Springs oorlede en daar begrawe.

My ander grootouers-kleinouers was Karoomense. Oupa Jan (1883-1947) is op *Voorbaat* naby Ladismith gebore, die seun van Cornelius Willem Adriaan van der Vyver en Margaretha (Grieta) Elizabeth Johanna du Toit. My Ma Grieta is na haar vernoem.

In later jare het Jan op *Floriskraal* naby Laingsburg geboer, maar moes noodgedwonge die plaas in 1928 met sy jong gesin verlaat omdat die regering 'n groot dam daar sou bou. Die Floriskraal-dam is egter jare later, eers in 1957, gebou.

Hoe Jan Abraham van der Vyver vir Martha Jacoba Barnardt leer ken het, is 'n vraag. Sy is op *Warmbad* naby Uniondale gebore, die dogter van Johannes (Jan) Hendrik Barnardt en Johanna (Naatjie) Sophia Terburgh.

My Ouma Martha was in 1916 by 'n meisieskool op Potchefstroom in diens, bes moontlik die 'High School for Girls' wat in 1914 tot stand gekom het. As een wat in die Kaapkolonie grootgeword het, was Martha van jongsaf heel gemaklik met Engels; deur haar lewe sou sy steeds baie Engelssprekende vriende hê, soos 'n fotoalbum in familiebesit bevestig. Hierdie vriende het haar 'Barnie' genoem, ooglopend afgelei van haar nooiensvan, Barnardt.



Martha Barnardt (regs) saam met tennissvriende in Potchefstroom, 1916

Verdere bevestiging is 'n koffietafelboek in my besit met foto's van Londen wat sy in 1916 per pos ontvang het, gerig aan: Miss Martha Barnardt, Oak Villa, Warmbad, Uniondale, Union of South Africa. (Dit is moontlik dat Oak Villa verwys na die huis op haar geboorteplaas Warmbad wat ek in 2010 besoek het.)

Nadat Jan glo 'n treinkaartjie vir Martha in Potchefstroom gestuur het, is hulle in 1917 in Kaapstad met 'spesiale liksens' getroud. Jan was toe 35 jaar oud en sy 24.

Ek wonder of hy haar familie se goedkeuring weggedra het. In 1920 skryf haar ma Naatjie in 'n brief, ná die jonges se kuier by die ouers: "...ik het toch niets overgekomen van blydschap..."

Dat die jong paartjie dalk 'n relatiewe sukkelbestaan gevoer het, is moontlik. Hulle het in 1928, ná hul vertrek van Floriskraal, op Waaikraal daar naby geboer. Dit is beskryf as 'n veepos met 'n een-vertrek-huisie. Foto's wys dat die huis maar min verander is; waarskynlik is enkele slaapvertreke aangebou vir die gesin met dogters en seuns.



*Die Van der Vyver-gesin op Waaikraal. Jan (links) lyk kort van statur. Ouma staan 3de van links en Ma Grieta voor regs.*

Sonder water kan mens beswaarlik in dié dorre Karoostreek oorleef. Jan kon met water werk: met 'n stoomenjin het hy uit die Buffelsrivier gepomp om sy luserlande te benat. Hy moes later 'n lang 'puts' – met klip gestraat – na die rivier grawe om sugwater uit die sandbed te onttrek. Sodoende kon hy goeie oeste verseker.

Hy is op 63-jarige ouderdom in 1947 oorlede en op Geelbek naby Laingsburg begrawe. Sy weduwee Martha het nog vir 'n tydlank op die plaas Waaikraal aangebly voordat sy na Transvaal verhuis het, waar haar twee dogters was.

As kleuter het ek dikwels by Ouma Martha en haar toe nog ongetroude dogter Johanna in Selectionpark, 'n middelklas-woonbuurt van Springs, gebly. Ek onthou hoe hulle twee my sover probeer kry het om groenboontjies te eet – deur dit onder gesnyde beetslaai te versteek.

Ouma was uit my oogpunt 'n groot vrou, selfs formidabel, met 'n streng voorkoms. Dit is 'n indruk wat selfs in my ouers se troufoto's opmerklik is. My Pa Sam het ook hier 'n huis, skuins oorkant die straat, in Lowtherlaan, besit.



In later jare het Ouma Martha by Johanna en haar gesin in Primrose naby Germiston ingewoon en ook met tye in my ouerhuis by die Daggafonteinmyn in Springs. Saans sou ons seuns 'n glas water vir haar kamertoe vat vir die handvol pille en vir die kunsgebit – valstande, soos ons gesê het. In die kamer het die skerp reuk van Zambuk- en ander salf vir die voortdurende pyne in die knieë en voete swaar gehang.

*Ek as kleuter by Ouma Martha in Selectionpark, Springs.*

Sy sterf op 80-jarige ouderdom in 1972 in 'n hospitaal by Springs en word, soos my Ouma Basch, in die Ou Geduld-begraafplaas in Springs ter ruste gelê.

### Slotsom

Dit is moeilik om die grootouers se lewensomstandighede ná meer as 100 jaar – toe hulle jongmense was – na behore te begryp. As kind het ek geen besef gehad van hoe swaar my oumas se latere lewens was nie. Terugskouend was hul finansiële situasie dalk benard. Hoekom anders sou hulle by die een of ander van hul kinders inwoon? Uiteraard was dit destyds van kinders verwag om na ouers om te sien, al sou hulle dalk self finansiël swaartrek. Ten minste kon ons kleinkinders die oumas behoorlik ken en liefkry. Die slotsom waartoe mens kom, is dat dit eers die tweede geslag ná my grootouers was wat tot meerdere of mindere mate ekonomies suksesvol geraak het.

Sam Basch  
1 Mei 2021

---